DIE KAAPSE HELPMEKAAR

C.1916-C.2014

Bemiddelaar in Afrikaner opheffing,
selfrespek en respektabiliteit

ANTON EHLERS

SUN PRESS

Die Kaapse Helpmekaar c.1916-c.2014
Bemiddelaar in Afrikaner opheffing, selfrespek en respektabiliteit

Uitgegee deur AFRICAN SUN MeDIA onder die SUN PReSS druknaam.

Alle regte voorbehou

Kopiereg © 2018 AFRICAN SUN MeDIA en die outeur

Hierdie publikasie is deur die Uitgewer aan 'n onafhanklike dubbel-blinde portuurevaluering onderwerp.

Die outeur en die uitgewer het alles moontlik gedoen om toestemming te verkry vir die gebruik van materiaal met kopiereg en om sodanige gebruik te erken. Verwys asseblief navrae na die uitgewer.

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder die skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm deur enige elektroniese, fotografiese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat-, band- of laserskyfopname, mikroverfilming, via die Internet of e-pos of enige ander stelsel van inligtingsbewaring of -ontsluiting.

Menings uitgespreek in hierdie publikasie weerspieël nie noodwendig die menings van die uitgewer nie.

Eerste uitgawe, eerste druk 2018

ISBN 978-1-928357-78-0
ISBN 978-1-928357-79-7 (e-boek)
DOI: https://doi.org/10.18820/9781928357797

Geset in Minion Pro 10/14

Bandontwerp en bladuitleg deur AFRICAN SUN MeDIA

SUN PReSS is 'n druknaam van AFRICAN SUN MeDIA. Vakkundige, professionele en navorsingswerk word onder hierdie druknaam gepubliseer in druk- en elektroniese formaat. Hierdie publikasie kan direk bestel word by www.sun-e-shop.co.za

Produksie deur AFRICAN SUN MeDIA

www.africansunmedia.co.za
africansunmedia.snapplify.com (e-boeke)
www.sun-e-shop.co.za

INHOUDSOPGAWE

Voorwoord		i
Inleiding		1
Afdeling A	**Die Helpmekaarbeweging in SA: die storm- en drangjare, c1915-c1920**	
Hoofstuk Een	"Die Helpmekaar is uit God gebore" die Helpmekaarbeweging c1915-c1920	9
Hoofstuk Twee	Die ontstaan, stigting en vestiging van die Helpmekaarvereniging van die Kaapprovinsie, c.1916-c.1920	40
Afdeling B	**Die Helpmekaarvereniging van die Kaapprovinsie, 1920-1965**	
Hoofstuk Drie	Die kongres- en takstelsel: van aanwins tot albatros	73
Hoofstuk Vier	Die Helpmekaar en Onderwys: lees, skryf en reken	150
Hoofstuk Vyf	Helpmekaar-studiebeurse en lenings	173
Afdeling C	**Die Hulp-studieleningsfonds of B-fonds, 1941-1966**	
Hoofstuk Ses	DH van Zyl en die ontstaan, stigting en funksionering van die B-fonds	211
Hoofstuk Sewe	Van B-fonds tot Helpmekaar Studiefonds	239
Hoofstuk Agt	"Twee fondse in een pot" die Helpmekaar Studiefonds amalgameer met die Helpmekaarvereniging van die Kaapprovinsie, 1966	273
Afdeling D	**Die Helpmekaar Studiefonds, 1966-2006**	
Hoofstuk Nege	In die vaarwater van Afrikaner- politieke en ekonomiese hoogty, 1966-c.1990: bloei, beloon, beleër	283
Hoofstuk Tien	Die "Wisseling van die Wag": herbesinning, heroriëntering, herstrukturering, 1990-2002	369
Hoofstuk Elf	Die Korporatisering van die Helpmekaar, 2002-2014: op pad na 'n "goeie dag"	397
Afdeling E	**Evaluering**	
Hoofstuk Twaalf	Bemiddelaar in Afrikaner opheffing, selfrespek en respektabiliteit: 'n balansstaat	431
Bronne		490
Indeks		502

VOORWOORD

My persoonlike verbintenis met die Helpmekaar Studiefonds (HS) strek terug na 30 Julie 1980. Op die dag het ek en prof Diko van Zyl (my studieleier) vir mnr Fanie Pretorius in die kantoor van die HS in die Grootte Kerk-gebou in Adderleystraat, Kaapstad besoek. Die doel was om 'n Helpmekaarbeurs vir my MA-studie oor die Helpmekaarbeweging te beding. Hoewel mnr Pretorius gemeen het die R6,500 bod wat prof Van Zyl ingesit het te hoog was, is ons uiteindelik daar weg met 'n belofte van 'n R6,000 beurs. Die beurs sou my instaat stel om vir 1981 onbetaalde studieverlof te neem om my navorsing van die Helpmekaar vir die periode 1915-1920 te kon doen. Dié dag was ook my eerste ontmoeting met die Helpmekaar se administratiewe personeel, mev Steyn en Nita van Zyl. Nita het oor die jare vir my soos familie begin voel. Na die voltooiing van my MA-studie in 1986, het die menigde bokse vol ongebruikte navorsingsmateriaal oor die Helpmekaar altyd die belofte ingehou om eendag hulle verhaal te vertel.

In 1992 het die HS, by monde van mnr Hannes Oberholster, my probeer oorreed om die Studiefonds-verhaal te voltooi sodat dit met hul 75ste bestaansjaar kon saamval. Die voorgestelde tydsraamwerk vir die voltooiing van die studie en 'n finansiële bod wat waarskynlik te hoog ingesit is, die poging laat skipbreuk ly. In Augustus 2005 het mnr Tex de Swardt (die Bestuurder van die HS) vir my en my kollega, prof Albert Grundlingh, vir 'n middagete by die Volkskombuis in Stellenbosch genooi. Die gesamentlike oortuigingskrag van Tex en Albert, en my verswakte weerstand weens die kombinasie van die Volkskombuis se kos en wyn, het my laat instem om my te verbind tot die voltooiing van die Kaaplandse Helpmekaar se geskiedenis. Die R40,000 beurs het ook gehelp. Die belofte dat die studie in 2007 afgehandel sou wees, het uiteindelik 2018 geword.

Oor meer as 'n dekade het talle persone en instansies 'n bydrae gelewer om die publikasie moontlik te maak en ek betuig my opregte dank en waardering aan hulle: die HS, die personeel en direksie vir die beskikbaarstelling van hulle argiewe, hul finansiële ondersteuning en hulle eindelose geduld. 'n Spesiale dank aan Barry van der Merwe – veral vir sy rol as weerligafleier; Elize van Heerden vir die pynlik akkurate wyse waarop sy elke Helpmekaarbeurs en -lening statisties vasgelê het; Hanlie Roux vir haar toegewyde taalversorging; prof Martin Kidd vir die statistiek en grafieke; Emily Vosloo en haar span by African Sun Media vir 'n pragtig versorgde publikasie; prof Rufus Gouws wat op nommer nege en negentig die Kaapse Helpmekaar se status van handelaars tot bemiddelaars versag het; my kinders, Righardt, Hannu en Annemien (almal Helpmekaar leningshouers) vir die geamuseerdheid waarmee hulle my nimmereindigende werk aan die Helpmekaar oor jare gade geslaan het; Salomé vir haar geduld, aanmoediging en ondersteuning wat my veral in die pylvak die lint laat breek het; en laastens, maar nie die minste nie: my Skepper.

Anton Ehlers
23 Mei 2018

INLEIDING

"ROMA DIE UNO NON AEDIFICATA EST"

MH de Kock,[1] CGW Schumann,[2] Frederik Meyer,[3] Francois C Erasmus,[4] Piet Koornhof,[5] Chris en Marius Barnard,[6] MC Botha,[7] Frederick Van Zyl Slabbert,[8] Breyten Breytenbach,[9] Jannie Gagiano,[10] Pieter Dirk Uys[11] en Arno Carstens.[12] Bogenoemde is 'n indrukwekkende en diverse groep Afrikaanse, openbare figure wat op 'n uiteenlopende aantal terreine beduidende bydraes tot die Suid-Afrikaanse samelewing gelewer het. Dit is egter nie hierdie hoëprofiel Helpmekaar-begunstigdes wat primêr die impak en bydrae van die Kaapse Helpmekaar

---

1 President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank (1945-1962). Hy het 'n deurslaggewende rol gespeel in die vestiging van die sentrale bankwese en die gepaardgaande finansiële instellings in Suid-Afrika. *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek,* vol V, 188-189, RGN, Pretoria, 1987.

2 Stigter van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aan Universiteit Stellenbosch. *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek,* vol V, 738-739, RGN, Pretoria, 1987.

3 Chemiese en metallurgiese kenner en die dryfkrag agter die stigting van YSKOR en 'n yster- en staalbedryf in Suid-Afrika. Hy het ook aanvoorwerk gedoen vir die stigting van KRYGKOR, terwyl sy navorsing oor die olie-uit-steenkool-proses bygedra het tot die lê van `n grondslag vir die industriële prosesse wat uiteindelik tot die stigting van SASOL gelei het. *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek,* vol V, 538-539, RGN, Pretoria, 1987.

4 Minister van Verdediging in DF Malan se kabinet van 1948 en latere Minister van Justisie wat die verbanningsbevel op die ANC en PAC na die Sharpeville-protes in Maart 1960 beteken het. *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek,* vol V, 261-263, RGN, Pretoria, 1987.

5 Kleurvolle en omstrede NP-politikus en kabinetsminister. Hermann Giliomee, *Die laaste Afrikaner-leiers. `n Opperste toets van mag*, 169, 258, Tafelberg, Kaapstad, 2012.

6 Baanbrekers op die gebied van kardiologiese chirurgiese prosedures wat hulle in staat gestel het om die eerste menslike hartoorplanting in die wêreld te doen. M. Malan, *Heart Transplant: The Story of Barnard and the "Ultimate In Cardiac Surgery*, Johannesburg, Voortrekkerpers, 1968.

7 Dr MC Botha was die immunoloog wat saam met Chris Barnard se hartspan gewerk het wat die ontwikkelingswerk gedoen het om verwerping teen te werk – en dus die eerste hartoorplanting moontlik gemaak het. *Standard Encyclopaedia of Southern Africa*, vol 2, BAC-CAL, 454.

8 Hy het as alternatiewe Afrikaner die leier van die Progressiewe Federale Party geword en was saam met ander die verpersoonliking van wit Afrikaner-weerstand teen apartheid. Frederik van Zyl Slabbert, *The Other Side of History: An Anecdotal Reflection on Political Transition in South Africa,* 2006, Jonathan Ball; Hermann Giliomee, Die ANC, die Afrikaners en die storie van die bobbejaan, *Die Suid-Afrikaan*, Sept 1987, 9-10, 30.

9 Bekende figuur in die literêre wêreld, ontvanger van die Hertzogprys en 'n vurige kritikus van apartheid. *Die Suid-Afrikaan*, Winter 1985, Van Zyl Slabbert in Gesprek met Breyten Breytenbach, 47-48,

10 Kleurvolle en uitgesproke politieke wetenskaplike en saam met Van Zyl Slabbert en Breytenbach lede van die groep Afrikaner- en ander leiers wat die ANC in 1987 in Dakar, Senegal ontmoet het. Frederik van Zyl Slabbert, *The Other Side of History: An Anecdotal Reflection on Political Transition in South Africa,* 2006, Jonathan Ball.

11 Sosiale kommentator, komediant en skepper van die Evita Bezuidenhout persona. *Die Burger*, 31 Mei 2016, "The Echo of a Noise". Fokus op familiegeskiedenis. "Uys se 7 000ste optrede begin vandag", 11.

12 Invloedryke musikant en lid van die Springbok Nude Girls rockgroep. *Sarie*, 17 Aug 2010, 'Ons praat met ...'.

definieer nie. Hierdie eer kom eerder die 8 381 studente en ongeveer 100 instellings en sake toe wat tussen 1916-2014 met miljoene (1916-1960: £302 053 en 1961-2014: R350 209 999) gefinansier is. Hierdie is bereik deur 'n benadering wat reeds in 1920 deur die toenmalige voorsitter van die Kaapse Helpmekaar, advokaat HS van Zijl, gepropageer is:

> "Die beste en standhoudendste werk, selfs filantropiese en opbouende volkswerk, word op 'n stille, bedaarde wyse gedaan. En dit is op die wyse dat die Helpmekaar, wat vir die eerste paar jaar van sy leeftyd die gevierde was op publieke platforms en nuusbladkolomme, moet leer om te werk as dit 'n blywende krag ten goede in ons land wil word."[13]

Die Helpmekaarverhaal kan teruggevoer word na 31 Mei 1902 met die beëindiging van 'n seisoen van dood en verwoesting by Melrose Huis in Vereeniging. Die voortdurend langerwordende skaduwee van dié seisoen het die voedingsbron, motivering, geborgenheid en uiteindelik wasdom vir 'n embrionale Afrikaner-etnisiteit verskaf. Dit het oor tyd verander vanaf 'n staat van skok, verslaendheid en passiwiteit tot 'n magtige politieke, sosiale en ekonomiese beweging, wat die 20ste eeu se Suid-Afrikaanse geskiedenis sou domineer. Die Helpmekaarbeweging was beide die wegbereider en produk van die proses. Die wortels van die Helpmekaarbeweging lê in hierdie onstuimige tydperk van opkomende Afrikanernasionalisme en etniese mobilisasie in die vroeg 20ste eeu.

Mnr en mev Van Zyl met hul kinders in `n konsentrasiekamp in Bloemfontein tydens die Anglo Boereoorlog. David Hermanus van Zyl, Helpmekaar van die Kaapprovinsie sekretaris, bestuurder en stigter van die B-fonds sit voor links.

Die meer direkte historiese ontstaan van die Helpmekaar was gesetel in die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog en spesifiek in die Afrikaner-rebellie van 1914-1915 wat dit sou voortbring. Hierdie gewapende protes deur Afrikaners was 'n reaksie op die regering se

13 Helpmekaar Studiefonds Argief, Parow (hierna HSA): Helpmekaarvereniging van die Kaapprovinsie (hierna HVKP), Notuleboek 26-27 Mei 1920, Kongres, 2.

besluit om in die Eerste Wêreldoorlog as 'n Britse bondgenoot aktief teen Duitsland deel te neem.[14] Die Helpmekaarbeweging verteenwoordig dus die ekonomiese nadraai van die Rebellie. As 'n "armoede-verligtingsprogram" – 'n plan om 'n toename van die armblankevraagstuk te voorkom deur te verseker dat 11 000 rebelle nie permanent tot die geledere van die armblankes toetree nie – was dit in die periode 1915-1917 een van die mees suksesvolle skemas van sy soort in die geskiedenis van die Afrikaner.

Gedurende die Rebellie, met sy episentrum in die Noord-Vrystaat en Wes-Transvaal,[15] het die rebelle 'n stelsel van opkommandering van goedere en eiendom van lojaliste (mense wat nie die wapen teen die regering opgeneem het nie) gebruik om tydens die Rebellie toerusting en voorrade vir hulself te bekom.[16] Die verliese wat die lojaliste gely het, het in die nasleep van die Rebellie tot die indien van 'n stortvloed van lojalis-eise om skadevergoeding teen die rebelle gely.[17] Omdat 'n groot aantal rebelle afkomstig was van die sogenaamde bywoner- of armblanke Afrikaners,[18] het dit gou duidelik geword dat hulle nie in 'n finansiële posisie was om hierdie eise te betaal nie. Die Helpmekaargedagte het teen hierdie agtergrond ontstaan en in die nadraai van die Rebellie gemanifesteer in die Helpmekaarbeweging.

Die Helpmekaarbeweging het nie net 'n ekonomiese invloed gehad nie, maar ook 'n beduidende invloed op die geestelike ingesteldheid van Afrikaners uitgeoefen. Dit het aan Afrikaners bewys dat, hoewel hulle as individue nie besonder kapitaalkragtig was nie, hulle deur samewerking en die vereniging van hul kapitaal in groepsverband aansienlike kapitaalhulpbronne kon byeenbring.[19]

Op 'n ideologiese vlak het die Rebellie die geledere van Giliomee se wyn- en graanboere waarna hy in sy 1987-artikel "Western Cape Farmers and the beginnings of Afrikaner nationalism, 1870-1915" verwys as "arguably ... the firmest pillar of support for the Afrikaner nationalist movement",[20] tot buite die grense van die Wes-Kaap uitgebrei om Afrikanerboere

14 A Grundlingh en S Swart, *Radelose rebellie? Dinamika van die 1914-1915 Afrikanerrebellie*, Protea Boekhuis, Pretoria, 2009, 14-18.

15 SB Spies, The Rebellion in South Africa, 1914-1915, 232.

16 *Ons Land*, 21 Nov 1914, Rebellen te Harrismith; *Cape Times*, 17 Apr 1915, Allegations of Looting; *Cape Times*, 28 Nov 1914, Methods of the rebels.

17 UG 46-16, *Report of the Rebellion Losses Commission*, 9.

18 UG 28-15, *Department of Justice. Annual Report for the Calendar Year 1914*, 186; A Grundlingh en S Swart, *Radelose rebellie? Dinamika van die 1914-1915 Afrikanerrebellie*, 23-26, Pretoria, 2009.

19 *De Burger*, 23 Nov 1917, Open brief.

20 H Giliomee, Western Cape Farmers and the beginnings of Afrikaner nationalism, 1870-1950, *Journal of Southern African Studies*, Vol 14, No 1, Oct 1987, 38.

van die Vrystaat en Transvaal in te sluit. Hulle het in tandem met 'n klein, maar groeiende professionele klas hul verworwe Afrikanerkapitaal en organisatoriese vaardighede in diens van die Helpmekaarbeweging gestel.

Die Helpmekaarbeweging bevestig ook O'Meara se siening in sy 1983-publikasie *Volkskapitalisme: class capital and ideology in the development of Afrikaner nationalism, 1934-1948* dat die:

> "Helpmekaar movement significantly demonstrated how nationalist sentiment, coordinated through press, party and special institutions, could be an extremely powerful mobiliser both of the revenue of rich farmers ... and the meagre savings of the petty bourgeoisie and workers."[21]

Die Helpmekaarbeweging weerspieël ook die ontstaan en vroeë patroon van O'Meara se Afrikaner "economic movement" wat uiteindelik gelei het tot die alliansie tussen die belange van die boere en die kleinburgery (petty bourgeoisie) wat die oorwinning vir die NP in die 1948-verkiesing verseker het.[22]

Die studie beoog om die verhaal van die Kaapse Helpmekaar as katalisator in die ekonomiese opheffing van Afrikaners in die vaarwater van die Rebellie van 1914-15 te vertel, asook hoe die rol en fokus oor tyd ontwikkel het. Die Kaapse Helpmekaar het 'n tweeledige doelwit beoog. Eerstens om Afrikaner-rebelle en hul gesinne van ekonomiese ondergang te red. Die tweede doel was meer gekompliseerd. Dit was die bevordering van die algemene ontwikkeling en welsyn van die Hollandssprekende deel van die Suid-Afrikaanse bevolking, met die fokus op die ontwikkeling van 'n spesifieke Afrikaanse kultuur. As instelling het dit die Kaapse Helpmekaar in die raamwerk van Afrikaner-organisasies geplaas wat 'n deurslaggewende rol in die etniese mobilisering van Afrikaners in die 20ste eeu gespeel het.

Die verhaal van die Kaapse Helpmekaar volg dan ook die ideologiese kontoere van die geskiedenis van nasionaalgesinde Afrikaners in die 20ste eeu – en meer spesifiek die belewenis van die Kaapse elite wat die Helpmekaar oor die jare gedomineer het. Die tweede doelstelling het mettertyd in 'n dominante, opvoedkundige fokus ontwikkel, naamlik om die armblankevraagstuk op te los deur die opvoeding van die Afrikanerjeug deur hulle potensiaal te ontsluit. Hierdie proses en die praktiese implementering daarvan oor tyd vorm die kern en fokus van hierdie studie. Die Kaapse Helpmekaar is die verhaal van die ontwikkeling van 'n Afrikaner-volksinstelling met 'n sosio-ekonomiese kulturele en politieke oorsprong. Dit

21 D O'Meara, *Volkskapitalisme: class, capital and ideology in the development of Afrikaner nationalism, 1934-1948*, 97, Cambridge, Cambridge University Press, 1983.

22 *Ibid.,* 96-97, 251.

het ontwikkel tot sy huidige status as 'n nie-winssoekende, openbare weldaadorganisasie wat as geregistreerde kredietverskaffer onder die Nasionale Kredietwet binne die korporatiewe wêreld van die 21ste eeu moet funksioneer. Verder verteenwoordig die studie ook in 'n sekere sin die verhaal van Afrikaners – van hul armblankestatus in die vroeg 20ste eeu tot vooruitstrewende burgers van die kapitalistiese verbruikerskultuur van die 21ste eeu. Dit is dan ook die verhaal van die kronkelgang en aanpassing, die strategieë, taktiek en reaksies om hierdie oorgang te onderhandel binne spesifiek die Kaapse konteks waarbinne die Kaapse Helpmekaar gefunksioneer het.

Die Helpmekaar was nie 'n neutrale beweging ontdaan van alle ander motiewe nie, hoewel die fokus op die insameling van fondse en steun aan studente op 'n "stille, bedaarde wyse" wat Van Zijl voorgestel het gefokus het. Onderliggend was dit vermeng met ideologiese motiewe en het dit in die breë oor die politiek van identiteit gegaan, maar ook om die Afrikaner gunstiger teenoor aanvanklik die Engelssprekendes, maar toenemend ook teenoor swartmense te posisioneer.[23] In die proses was die Kaapse Helpmekaar met sy fokus op opvoeding en onderwys 'n bemiddelaar in Afrikaner opheffing, selfrespek en respektabiliteit en dus 'n fasiliteerder van Afrikaner sosiale mobiliteit. In dié sin vind die studie dus ook aansluiting by 'n breër historiografie oor respektabiliteit en sosiale mobiliteit waarin die smeebaarheid van respektabiliteit as ideologie geillustreer word.[24] Enkele internasionale voorbeelde in die verband sluit in Richard Hoggarts se 1957 publikasie oor die veranderinge in die Britse werkersklas in reaksie op die ontwikkeling van massa media, *The Uses of Literacy* [25] en die meer onlangse werk van Lynsey Hanley *Respectable: The Experience of Class*.[26] Volgens Vivian Bickford-Smith het respektabiliteit as ideologie as produk van Britse kolonialisme veral sedert die 1870's en 1880's in Suid-Afrika gemanifesteer.[27] In die Suid-Afrikaanse historiografie tel Nicholas Cope se artikel oor Zoeloe nasionalisme in die 1920's[28] en Lynn Thomas se

23 Met erkenning aan Albert Grundlingh vir hierdie insig.

24 L M Thomas, The Modern Girl and Racial Respectability in 1930's South Africa, 467, *Journal of African History*, 47, 2006.

25 R. Hoggarts, *The Uses of Literacy. Aspects of Working Class Life*, Penguin, 2009. https://www.penguin.co.uk/books/175505/the-uses-of-literacy/

26 Lynsey Hanley, *Respectable: The Experience of Class*, Alan Lane, 2016. Hanley se werk oor die hedendaagse manifestasie van klas in Brittanje word beskryf as: "In this empathic, wry and passionate exploration of class in Britain today, Lynsey Hanley looks at how people are kept apart, and keep themselves apart – and the costs involved in the journey from 'there' to 'here'." https://www.goodreads.com/book/show/29744398 respectable

27 L M Thomas, The Modern Girl and Racial Respectability in 1930's South Africa, 466, *Journal of African History*, 2006, 47.

28 N Cope, The Zulu Petit Bourgeoisie and Zulu Nationalism in the 1920's: Origins of Inkatha, *Journal of Southern African Studies*, vol. 16, no 3 (Sep 1990).

artikel oor die rol van voorkoms in respektabiliteit en aanvaarding onder swartmense in Suid-Afrika.[29] Verdere voorbeelde hiervan is werke soos die van Robert Ross, *Status and Respectability in the Cape Colony 1750-1870. A Tragedy of Manners*[30] en die onlangse werk van Roger Southall oor die stryd van die swart middelklas vir sosiale opwaartse mobiliteit en 'n soeke na respektabiliteit in post-apartheid Suid-Afrika. In laasgenoemde twee werke kom onder andere die rol van opvoeding en onderwys in die soeke na respektabiliteit onder die loep. In Southall se eie woorde:

> "In writing about the struggles for upward mobility and respectability of the black middle class in post-apartheid society, I recognised much from my own family background in the 1950's and 1960's England, in particular the determination and sacrifices made by my own parents to provide myself, my brother and sister with a good education."[31]

Soos aangedui deur Shula Marks ten opsigte van sekere Zulu groeperinge in Natal in die periode voor 1949 het Afrikaner reaksie op die ontwrigting van armoede, verstedeliking en proletarisering ook gelei tot "the construction of an ethnic answer to the problems of urbanization and modernity"[32] waarin "Respectability came to be joined with ethic consciousness".[33] Soos vir die 19de eeu se Europese intellektuele en regerende klasse was dit ook vir Afrikaners in die 20ste eeu: "nationalism and respectability jointly provided a reference point in an unsettling world, a piece of eternity which could be approriated by those caught up in the vibrations of modernity".[34] Op 'n ideologies vlak het die Helpmekaar binne 'n soortgelyke konteks gefunksioneer en deur hul ondersteuning en betrokkenheid by onderwys en opvoeding 'n bydrae gelewer tot die vorming van Afrikaner "AmaRespectables".[35] Gevorm deur ideologieë van etnisiteit, ras en klas het die Helpmekaar deur sy finansiële bydraes en as kampvegter vir opvoedkundige sake 'n beduidende rol in die bevordering van onderwys en die opvoeding in die soeke na respektabiliteit gespeel.

---

29 L M Thomas, The Modern Girl and Racial Respectability in 1930's South Africa, *466, Journal of African History,* 2006, 47.

30 Robert Ross, *Status and Respectability in the Cape Colony 1750-1870, A Tragedy in Manners*. Cambridge University Press, 2009.

31 Roger Southall, *The New Black Middle Class in South Africa*, pp, viii, ix. Jacana, 2016.

32 Shula Marks, Patriotism, Patriarchy and Purity: Natal and the Politics of Zulu Ethnic Consciousness, 39 (University of the Witwatersrand. African Studies Institute. African Studies Seminar Paper no 193, Monday 4 August 1986.

33 *Ibid.,* 20.

34 GL Mosse, "Nationalism and respectability: normal and abnormal sexuality in the nineteenth century", 242-3, *Journal of Contemporary History*, 17, 2 (1982) soos aangehaal deur Shula Marks in *Ibid.,* 31.

35 *Ibid.,* 33; L M Thomas, The Modern Girl and Racial Respectability in 1930's South Africa, 466, *Journal of African History*, 2006, 47.

Ten spyte van die aanvanklike eng etniese en nasionalisteise fokus en die gepaardgaande sosiale ingenieurswese is 'n veel wyer gemeenskap as wat aanvanklik beoog is uiteindelik bevoordeel.

As 'n kredietverskaffer vir tersiêre opleiding van Afrikaanse studente oor 'n honderd jaar, verteenwoordig dié verhaal die ervaringe en antwoord op die uitdagings van 'n agtergeblewe segment van die Suid-Afrikaanse samelewing in hul soeke na respektabiliteit deur die uitwissing van hul ekonomiese agterstande. In die sin resoneer die verhaal van die Kaapse Helpmekaar ook met die huidige debatte rondom die finansiering van tersiêre onderrig. Dit verskaf 'n Afrikaner antwoord op 'n 20ste eeuse *#feesmustfall*-uitdaging wat ten spyte van die verskil in konteks 'n templaat en 'n benadering voorhou waarby 'n 21ste eeuse Suid-Afrika steeds baat kan vind.

AFDELING A

Die Helpmekaarbeweging in SA:
die storm- en drangjare, c1915-c1920

HOOFSTUK EEN

"DIE HELPMEKAAR IS UIT GOD GEBORE" DIE HELPMEKAARBEWEGING C1915-C1920

"Die Helpmekaar is uit God geboren. De Helpmekaar was de enige in de wereld waar een volk dat in opstand was, zich had samengespannen om de schade te vergoeden en zelfs door hun opponenten word geholpen. De man die tegen zulk een beweging werkte, zou geen vriend van het volk zijn."[1]

DIE REBELLIE VAN 1914-1915 AS OORSPRONG VAN DIE HELPMEKAARBEWEGING

Op 4 Augustus 1914 het die langverwagte Europese oorlog uitgebreek met Brittanje se oorlogsverklaring teen Duitsland. Die regerende Suid-Afrikaanse Party (SAP) se aanvaarding van die Britse versoek om Duits-Suidwes-Afrika namens Brittanje te verower[2] was die vonk vir 'n gewapende rebellie teen die regering. Slegs 'n gedeelte van die Afrikaners het aan die Rebellie deelgeneem. Die Rebellie is veroorsaak vanweë 'n toenemende, onderliggende gevoel van politieke en ekonomiese ontevredenheid en ontnugtering onder sekere Afrikaners rakende die beleidsrigtings van die SAP.

Die beleid van konsiliasie tussen wit Afrikaans- en Engelssprekende Suid-Afrikaners tot één Suid-Afrikaanse nasie, soos gepropageer en geïmplementeer deur die Eerste Minister, Louis Botha, was die oorsaak en teiken van baie van die politieke ontevredenheid binne Afrikaner-geledere in die aanloop tot die Rebellie. Die krisis in die kabinet in 1912, en die uitsetting van JBM Hertzog – die voorvegter van die anti-Botha drukgroep binne Afrikaner-geledere – uit die kabinet, het gelei tot 'n gevoel onder spesifiek Afrikaners in die Vrystaat, dat die regering nie meer hulle belange verteenwoordig nie. Hierdie anti-Botha sentiment het uiteindelik uitgeloop op die stigting van die Nasionale Party (NP) in die Vrystaat in Januarie 1914.

1 NJ van der Merwe, *Marthinus Theunis Steyn, 'n lewensbeskrywing*, Deel II, De Nationale Pers Beperkt, Kaapstad, 1921, 349.

2 UG 46-16, *Report of the Judicial Commission of Inquiry*, 111-112.